

VERANTWOORDE ONDERWYSSTATISTIEK

1. INLEIDING

In hierdie werkstuk word getrag om 'n verantwoorde stelsel van onderwysstatistieke te ontwerp, aangesien die huidige stelsel om verskeie redes nie aan sy doel beantwoord nie. Dit was byvoorbeeld in onlangse jare nie moontlik om, wat resente en betekenisvolle statistieke betref, in die dringende behoeftes van die Nasionale Onderwysraad te voorsien nie. Dieselfde het vir die voormalige Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (NBOMN) gegeld en geld tans vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), waar skrywer werksaam is. Selfs waar resente gegewens wel beskikbaar was, was dit dikwels nie in die nodige mate gedifferensieerd of in bruikbare vorm gerangskik nie. Daarbenewens het 'n pertinente behoefte aan gegewens op individuele grondslag, van leerlinge, studente en onderwysers, ontstaan.

Die huidige onderwysdatastelsel in Suid-Afrika word in oënskou geneem. Daar word aangetoon hoe dit ontwikkel het, en die tekortkominge word onder meer bespreek, asook die voortdurende behoefte aan resente gegewens en onlangse pogings om beskikbaarstelling te bespoedig.

In die lig van die vereistes waaraan 'n onderwysdatastelsel moet voldoen, word aangetoon dat die huidige stelsel verouderd is, en heeltemal hersien behoort te word. Die nuwe stelsel wat voorgestel word, is onder meer gebaseer op wat in sommige ander lande waargeneem is, veral wat wetenskaplike prosedures en die benutting van tegnologiese hulpmiddels betref. Dit sluit die ontwikkeling van wiskundige modelle, van die onderwysstelsel in. Die waarde en gebruik van wiskundige modelle, sowel as die plek daarvan in die onderwysdatastelsel, geniet besondere aandag. Sekere betekenisvolle berekeninge word vir die eerste keer vir die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel uitgevoer.

Met "onderwysstelsel" word die hele organisatoriese kompleks van leerlinge, klasse, onderwysers, skole, eksaminering, plaaslike en sentrale administrasie en beplanning, ensovoorts, wat formele onderwys hoegenaamd moontlik maak, bedoel. Dit behels die aktiwiteite van almal wat met die onderwys in 'n bepaalde streek of provinsie of in die land as geheel gemeed is - die leerlinge wat leer; die onderwysers wat onderrig gee; die beamptes wat administratiewe pligte vervul.

Argumentshalwe word die stelsel met 'n produksieproses vergelyk. Die "onverwerkte materiaal" is jong kinders wat skool toe gaan, en die "produkte" is die afstuderendes op verskillende vlakke. Die onderwysers, dosente, administreerders en beplanners kan as "produksiewerkers" beskou word.

Daar word aangetoon dat dit regverdigbaar en selfs noodsaaklik is om die onderwysstelsel te kwantifiseer, as 'n middel tot meer doeltreffende onderwysbeplanning, -administrasie en -navorsing. Hierdie drie momente is onontbeerlik vir die ordelike gang van sake in die klaskamer, waar die eintlike didakties-pedagogiese bemoeienisse plaasvind. Laasgenoemde geniet hier nie die aandag nie. Maar net soos die onderwyser-pedagoog-didaktikus as geroepene persoonlik met sy leerlinge gekonfronteer word om hulle op die weg na volwassenheid te vergesel, net so is die meer verwyderde administreerder of beplanner persoonlik verantwoordelik vir die daargestelling van die nodige onderwysfasiliteite in die breedste sin van die woord.

Die praktyk van onderwysadministrasie en -beplanning vereis waardeoordele ten opsigte van watter handelinge "beter" sal wees. Volgens M.J. Langeveld is ook opvoedkundige navorsing 'n praktiese wetenskap, want kennis word ingesamel ten einde 'n mens in staat te stel om "beter" te kan handel (vergelyk E2.1, bl. 4). Hierdie werkstuk is dus prakties ge-oriënteerd, en daar word aangetoon hoe 'n "beter" onderwysdatstelsel daargestel kan word, uitgaande van die standpunt dat die gewete van die onderwysadministreerder, -beplanner en -navorser hom daartoe dwing om slegs die beste omstandighede vir die opvoeding van die jeug na te streef: Die beste administrasie, die beste beleid, die beste beplanning, en die beste databasis daarvoor.

Omdat Suid-Afrika gesentraliseerde onderwysstelsels het, vind administrasie, beplanning en navorsing veelal op 'n onpersoonlike afstand van die klaskamer plaas, d.w.s. sonder persoonlike kontak. Dit is dus nie moontlik om dié aktiwiteite en die databasis daarvoor pedagogies-didakties te verantwoord nie. Nogtans is dit die Christelike plig en verantwoordelikheid van die betrokke beamptes om elk as geroepene die onderwys na die beste van sy vermoë te beoefen. Die goeie verloop van die onderwys en die gepaardgaande opvoeding moet vir elk 'n gewetensaak wees, aangesien die toekomstige loopbane en selfs bestemmings van sovele honderde of duisende kinders en jeugdiges op die spel is. Hierdie verantwoordelikheid sluit in die bestudering van beginsels, metodes, fasiliteite en hulpmiddels met die oog op moontlike implementering en vernuwing in die stelsel. Alles moet in die werk gestel word om omstandighede daar te stel waarin pedagogies-didaktiese take ten beste onderneem kan word. Dit gaan nie om vernuwing bloot ter wille van verandering nie, maar die hoofsaak is dat die vinger op die pols van die onderwysstelsel gehou moet word. Knelpunte moet ontdek en uit die weg geruim word sodra hulle ontstaan, of, nog beter, hulle moet voorkom kan word.

Dit (die voorkoming van skadelike toestande) kan slegs geskied as daar 'n doeltreffende onderwysdatastelsel in werking is. Die hoofsaak is egter nie negatief nie, nie slegs voorkoming van moontlike knelpunte nie, maar positiewe verbetering van omstandighede moet voortdurend nagestreef word, met inagneming van beskikbare hulpbronne.

Met "onderwysdatastelsel" word bedoel die prosedures waarvolgens inligting insake leerlinge, klasse, onderwysers, skole, skooldistrikte, ensvoorts, beskikbaar gestel word aan diegene wat die inligting moet hê, plaaslik, provinsiaal en landswyd. Dit behels onder meer sekere kommunikasiekanale en -prosesse wat voortdurend of periodiek funksioneer ten einde die nodige inligting byeen te bring en oor te dra.

Betroubare, resente en taamlik volledige onderwysstatistieke is onontbeerlik vir doeltreffende onderwysadministrasie, -beplanning en -navorsing. As dus van 'n "doeltreffende" onderwysdatastelsel gepraat word, word bedoel dat dit aan die gestelde praktiese vereistes moet voldoen.

Daarbenewens moet dit meer doelmatige onderwys moontlik maak, gemeet aan die norme van die Christelike opvoedingsfilosofie en -beginsels. Onderwysbeplanning gebaseer op bespiegeling in plaas van op betroubare, resente gegewens kan byvoorbeeld nie as Christelik verantwoord beskou word nie, en plaas 'n las op die gewete. Dit is dus noodsaaklik dat daar 'n doeltreffende databasis moet wees om te verseker dat beleidmakers, beplanners en administrerders besluite kan neem wat op feite berus.

In hierdie werkstuk gaan dit oor die makroskopiese stelsel van onderwysbeheer en -administrasie, beleidmaking, nastrewing van sosiale en ekonomiese doelwitte, en so meer, en nie oor intiem-persoonlike klaskamersituasies of pedagogies-didaktiese ontmoeting nie. Die werkstuk is 'n poging om die onderwysdatastelsel van Suid-Afrika wetenskaplik te deurvors, en dit sluit voorstelle ter verbetering in.

2. HISTORIESE ORIËNTASIE

2.1 TOT 1910

Die oudste bestaande publikasie in Suid-Afrika wat statistieke bevat, is die Annual Blue Book vir 1821. Dit bevat sekere gegewens oor bevolking en produksie (vergelyk Z1.1, No. 1).

Teen die middel van die vorige eeu was primêre en sekondêre onderwys feitlik 'n eenmansaak. Die jaarlikse onderwysverslae bevat gegewens van individuele skole wat geïnspekteer is. Dit strek van finansiële state tot die aantal kinders in elke skool wat Engels, Aardrykskunde, Rekenkunde, ensovoorts, leer. Selfs die datums waarop die skole besoek is, word aangegee, en sake soos die vlotheid en spelling van die leerlinge word genoem.

In byvoorbeeld die 1860-jaarverslag van die Kaapse Superintendent-Generaal van Onderwys word net twee statistiese tabelle gegee: 'n opsomming van die aantal skole volgens soort en bywoning, en 'n opsomming van die totale uitgawes en gemiddelde koste per leerling (Z3.1).